ALEXANDER FORBES ADMINISTRASIEDIENSTE
BELEGGINGSKEUSEVORM VIR ANNUÏTANTE

Verwys asseblief na die belangrike notas op die agterkant. Faks of e-pos hierdie voltooide vorm (PDF-formaat) na Elodie van der Walt. Faks: 086 524 7153 – E-pos: pensioen@kaapkerk.co.za

PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA
LIDBESONDERHEDE

Voltooi asseblief u persoonlike en kontakbesonderhede:
(Verpligte inligting wat voltooi moet word)

Van en Voorletters:		**Geboortedatum**:	
ID Nommer:		**Selnommer**:	
E-pos adres:			

Telefoonnommer:		Faksnommer:	
Lid se posadres:			

BELEGGINGSKEUSE (merk met 'n X in toepaslike blokkie)

Ek kies Opsie 1: ☐

Opsie 1: Ek kies die **Verstek-lewensfasemodel vir IFLA lede** en erken en verstaan dat my bestaande Lewende Annuïteitskapitaalrekening, soos op die datum van die skuif, in die **Verstek-lewensfasemodel vir IFLA lede** belê sal word. My toekomstige maandelikse pensioen sal in dieselfde verhouding uit die onderskeie portefeuljes onttrek word.

OF

Ek kies Opsie 2: ☐

Opsie 2: Ek kies **my eie** Beleggingsmodel en erken en verstaan dat my bestaande Lewende Annuïteitskapitaalrekening, soos op die datum van die skuif, in die portefeuljes en volgens die aangeduide persentasies hier onder verdeel sal word. My toekomstige maandelikse pensioen sal in dieselfde verhouding uit die onderskeie portefeuljes onttrek word.

OF

Ek kies Opsie 3: ☐

Opsie 3: Ek kies my eie Beleggingsmodel en erken en verstaan dat my bestaande Lewende Annuïteitskapitaalrekening, soos op die datum van die skuif, in die portefeuljes en volgens my aangeduide persentasies hier onder verdeel sal word. Ek kies ook dat my toekomstige maandelikse pensioen uit die **een** portefeulje wat ek hieronder aandui moet onttrek word en ek verstaan dat ek ten minste twee maal my verkose onttrekingskoers moet toeken aan die portefeulje wat ek kies vir onttrekkings. Ek verstaan ook dat dit R402,50 kos wanneer ek hierdie opsie die eerste keer uitoefen en dat ek die pensioenkantoor elke ses maande kan laat weet om my opsie te verander teen 'n koste van R402,50 per verandering.

Lid Parafeer ☐

BELEGGINGSPORTEFEULJE	% Lewende Annuïteitskapitaal-rekening	Keuse van onttrekkingsportefeulje indien Opsie 3 gekies word*
Langtermyn Portefeulje		
Konserwatiewe Portefeulje		
Inkomstebeskerming Portefeulje (Geldmark)		
TOTAAL	**100%**	

* Merk u keuse van **een portefeulje vir onttrekkings** deur u verkose onttrekkingskoers in te vul. U moet ten minste twee maal u verkose onttrekkingskoers toeken aan u verkose portefeulje vir onttrekkings. U kan die pensioenkantoor na ses maande in kennis stel om u opsie te verander.

VERKLARING DEUR DIE LID

Ek verklaar dat ek die risikoprofiel van die beleggingsportefeuljes en my keuse daarvan verstaan en dat ek die nodige advies ingewin het waar nodig. Ek verklaar dat ek die implikasies van my keuse verstaan. Hiermee vrywaar ek die Fonds, die Trustees en die Hoofbeampte van die Fonds, my Werkgewer en Alexander Forbes Finansiële Dienste teen enige eis van watter aard ook al wat uit my beleggingskeuse mag voortspruit.

Ek verstaan dat die onus op my rus om te verseker dat die beleggingsinstruksie deur Alexander Forbes ontvang is en as Alexander Forbes nie ontvangs binne 5 werksdae erken nie, dat die instruksie moontlik nie mag plaasvind nie. Ek verstaan dat indien die vorm onvolledig of onakkuraat voltooi is, die opdrag moontlik nie deur Alexander Forbes uitgevoer sal kan word nie (sien belangrike notas hier onder). Ek sal Alexander Forbes volgens notas 6 en 7 binne 30 dae inlig as die instruksie nie volgens my intensie uitgevoer is nie. **Indien u enige navrae het, kontak Alexander Forbes by 0860 100 333.** ’n Faks-bevestigingstrokie dien nie as bewys vir ontvangs van die keusevorm deur Alexander Forbes nie.

Voorletters en Van van annuïtant: _____ *Handtekening*: _____

Datum: _____

BELANGRIKE NOTAS

1. Voltooi asseblief die **verpligte en addisionele inligting, naamlik:** van, voorletters, geboortedatum, Identiteitsnommer, selnommer en e-pos adres, volledig om die verwerking van die opdrag te bespoedig.

2. Verwys asseblief na die **Beleggingskeuses wat die Fonds** vir IFLA lede bied en maak u keuses daarvolgens. Let asseblief verder daarop dat sekere Portefeuljes aan spesifieke Reëls, soos kennisgewingperiodes en maksimum beleggingsbedrae, onderhewig kan wees. Hierdie Reëls geniet prioriteit bo en behalwe die Fonds se Beleggings Reëls.

3. Ons moet u Beleggingskeusevorm teen die **30ste** van 'n maand ontvang om dit teen die einde van daardie maand uit te voer. Indien dit na die **30ste** van die maand ontvang word, sal dit eers teen die einde van die volgende maand uitgevoer word.

4. Die lid mag een skuif per kalenderjaar maak sonder koste. 'n **Fooi** van R 350-00 (BTW uitgesluit) geld daarna, en word per beleggingskuif direk van die lid se Fondskrediet verhaal.

5. Bevestiging van u beleggingskeuse, kan op die volgende webblad gekontroleer word: **https://www.alexanderforbesonline.co.za**. Indien u nie toegang tot internet het nie, kan u by 0860 100 333 registreer om inligting oor u belegging te kry.

6. Dit belangrik om deurlopend te verseker dat u beleggingskeuses korrek uitgevoer is. So nie, stel **Alexander Forbes (by 0860 100 333) binne 30 dae daarvan** in kennis. Enige navrae sal ook by hierdie nommer hanteer word .

7. Alhoewel Alexander Forbes maatreëls tref om hom teen rampe en katastrofiese gebeurtenisse te verskans, aanvaar Alexander Forbes geen aanspreeklikheid vir verliese wat deur 'n " *force majeure", of enige ander bron waaroor* Alexander Forbes geen beheer het nie, veroorsaak word.

8. Hierdie dokument moet saam met die dokumente by aftrede PPF 3, 4 en 6 hanteer word.

Alexander Forbes Administrasie Dienste,
A divisie van Alexander Forbes Finansiële Dienste (Bpk).
Reg No. 1969/018487/07
FAIS Lisensie nommer: 1177
Alexander Forbes Place, Katherine Straat 61, Sandown, 2196
Posbus 652071, Benmore, 2010
Tel: +27 0860 100 333 (kontaksentrum)
Faks: +27 (11) 263 2948 (kontaksentrum)

Copyright in this material is expressly reserved and this form and all attachments (where applicable) remains the exclusive property of Alexander Forbes. This form and all attachments (where applicable) may not be copied, stored, retrieved or in any way reproduced without the express written permission of Alexander Forbes. Breach of copyright is a serious offence and can lead to litigation.